**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

3

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 9 1 | 000/09 000 | 25 | 259 |

a

Rapport Jg.......... Nr.......... P 10 Dat 9 JAN 2000

# As ek minister van onderwys was...

# Matriekuitslae sal in 3 jaar drasties verbeter

**PROF. JONATHAN D. JANSEN is 'n onderwysontleder van naam wat lankal die vinger druk op wat verkeerd is in die onderwys. Die vraag is, wat kan 'n minister doen om dit reg te ruk? Pas ná die swak matriekuitslae bekend gemaak is en op die vooraand van die heropening van die skole, het Rapport hom gevra wat hy sal doen as hy vandag as minister van onderwys aangestel word.**

Suid-Afrika het tot dusver die indrukwekkendste verskeidenheid nuwe onderwysbeleide gehad en bloedweinig het nog daarvan in die praktyk tereggekom.

My oplossing? 'n Onmiddellike moratorium op die aankondiging van nog nuwe onderwysbeleid. Implementeer die bestaande beleid, sou my opdrag aan my amptenare wees as ek minister van onderwys was. Daarna sal ek die personeelvoorsiening in die nasionale Departement van Onderwys in heroënskou neem. As 'n ANC-minister sal ek besef dat baie van hierdie aanstellings gedoen is om politieke skuld te vereffen. Maar nou sal ek probeer om mense op grond van twee kriteria aan te stel: politieke verbintenis en tegniese bekwaamheid.

Poste word tans beklee deur polities georiënteerde mense met groot visies en dit is nuttig. Maar, ofskoon daar uitsonderinge is, weet die mense nie hoe skole werk, hoe onderwysers verander of hoe onderwysstelsels beplan word nie. As minister sal ek my nie laat verlei om negepuntplanne vir die onderwys of 66 uitkomste vir die nuwe kurrikulum aan te kondig nie. Ek sal op drie prioriteite konsentreer wat binne 'n

TREFWOORDE

1 Jansen
2 Voorstelle
3 Bylaag
4 Standaarde
5 Slaagsyfer
6 Matriekuitslae
7 Eksamens
8 VTD
9
10

# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

## Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 1 9 1 | Datum 0 0 0 1 0 9 0 0 9 | Onderwerp 25 | Knipsel 2596

Rapport Jg.......... Nr.......... P. 14 Dat. 9 Apr 2000

redelike tydraamwerk bereikbaar is, betekenisvol is vir my steunbasis en in die oë van die Departement van Finansies bekostigbaar is.

Eerstens sal ek dadelik ingryp in die senior fase van die hoër skool (graad 10 tot 12) met die oog daarop om binne drie jaar die matriekuitslae drasties te verbeter.

Ek sal die 25% skole met die swakste matriekresultate in elke provinsie identifiseer. Van elke skool in dié groep sal verwag word om hul prestasie ná drie jaar met 30% te verbeter – 10% per jaar.

Van elke leerder in graad 10 tot 12 in hierdie skole sal verwag word om gestruktureerde winter- en somerskole vir bepaalde vakke by te woon, vir ten minste 100 uur per jaar. Hulle sal onderrig ontvang by die beste wetenskap-, wiskunde- en taalonderwysers in elke provinsie.

Die onderwysers van hierdie skole sal jaarliks vir hierdie 100 uur spesiale onderrig saam met hul leerlinge op die skoolbanke moet sit.

My tweede prioriteit sal wees om geleenthede vir elke leerder in die aanvangfase (graad 1 tot 3) uit te brei, veral dié in benadeelde gebiede. Dit beteken 'n herroeping van die wetsbepaling dat leerders van vanjaar af net tot graad 1 toegelaat sal word as hulle in die toelatingsjaar sewe word.

Dis 'n siniese poging om geld te bespaar en hierdie strategie gaan net die leergaping tussen die middelklas (hoofsaaklik wit) en die armes (hoofsaaklik swart) vergroot. Die middelklasouers sal voortgaan om hul kinders 'n voorsprong te gee deur hulle na top-gehalte pre-primêre skole te stuur. Alle kinders van vyf jaar af sal, soos in die res van die wêreld, kan skoolgaan as ek minister was. My derde prioriteit sal wees om 'n nasionale indiensopleidingsprogram in te stel vir alle onderwysers aan staatskole.

Elke onderwyser sal minstens 50 uur indiensopleiding per jaar op geselekteerde terreine moet deurloop. Wit onderwysers sal byvoorbeeld opgelei moet word in doeltreffende onderwys in veeltalige klaskamers en in die hantering van groot klasse. Kundigheid op nuwe terreine moet verbeter word, soos voortdurende evaluering en die demokratiese bestuur van skole deur hoofde.

Ek sal ernstig oorweeg om alle onderwysers op 'n vyfjaarprestasiekontrakbasis aan te stel. Voor daar oor heraanstelling besluit word, moet elkeen geëvalueer word.

Aangesien dit alles geld kos, sal doeltreffende besparingsmaatreëls ingestel moet word en die ontsettende vermorsing en duplisering in die onderwysstelsel end moet kry.

Ek sal dus aandring op net een universiteit van KwaZulu-Natal in die plek van die bestaande drie met hul verdubbeling en dalende studentegetalle. Ek sal gewis al die onderwyskolleges sluit. Daar is 'n oorproduksie aan onderwysers juis nou dat die provinsiale departemente van onderwys hul onderwyskorps inkort.

Die oorgroeide provinsiale departemente met hul duisende staatsamptenare uit die talryke ou onderwysdepartemente in Suid-Afrika en die tuislande sal verklein word.

'n Nuwe prosedure moet ingestel word om te verseker dat elke skool elke skooldag vir produktiewe onderwys gebruik. Dit vereis 'n stelsel van toerekenbaarheid op elke vlak, beginnende by die LUR's vir onderwys in elke provinsie. Hulle sal verantwoordelik gehou word vir die bereiking van die mikpunte vir die 25% swakste skole. Behaal 'n LUR nie die voorgestelde mikpunte nie, sal ek ernstig oorweeg om die President en die betrokke premier te versoek om hom of haar te ontslaan.

Een van die knelpunte het te doen met Kurrikulum 2005, of uitkomsgebaseerde onderwys (UGO). Hier is 'n lastigheid. As 'n ANC-minister kan ek nie wegdoen met wat aangebied is as 'n hoeksteen van die nuwe post-apartheid-regeringsbeleid nie, maar die evalueringsverslae toon dat onderwys in benadeelde skole nie deur UGO verbeter is nie.

My strategie sal dus wees om UGO as 'n tegniek te laat vaar en die onderwysers te verlos van die dikwels gekompliseerde take wat dit vereis. Nietemin sal ek daarop aandring dat alle onderwysers die grondbeginsels van die nuwe kurrikulum nastreef – interaktiewe onderrig, samewerkende studie, leerder-geïnisieerde

**TREFWOORDE**

1 ...............

...............

2 ...............

...............

3 ...............

...............

4 ...............

...............

5 ...............

...............

6 ...............

...............

7 ...............

...............

8 ...............

...............

9 ...............

...............

10 ...............

...............

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr | Datum | Onderwerp nr | Knipsel nr |
|---|---|---|---|
| 0 1 9 1 | 000/03/009 | 05 | 259 C |

Rapport Jg.......... Nr.......... P. 16 Dat. 9 Jan 2000

vrae, gekontekstualiseerde onderrig, voortdurende evaluering ensovoorts. Dit wil sê, goeie onderwys. Ek sal nietemin daarop aandring dat ons die debat oor wát om te leer, heropen. UGO, deur net te fokus op wat leerders aan die einde van 'n proses doen, het skole in staat gestel om basies dieselfde inhoud te doseer as onder apartheid.

In 'n konserwatiewe provinsie soos die Wes-Kaap, waar die hele senior burokrasie in die onderwys deur wit burokrate met bande met die Nuwe Nasionale Party beheer word, is UGO met ope arms verwelkom.

Dis omdat daar nie nuut gedink word oor watter kennis, of wie se kennis, die moeite werd is om oor te dra nie. Geskiedenisonderrig is nog gebaseer op dieselfde rasgegronde verhale van wit helde.

Laastens sal ek 'n sterk adviesraad van mense met aantoonbare tegniese kundigheid op sleutel-beleidsterreine aanstel om my denke oor die transformasie van die apartheidserflating in onderwys te rig. Maar niemand met politieke ambisie of wat sy eie loopbaan wil bevorder sal 'n plek in hierdie raad kry nie. Ook nie kruipers en vleiers nie.

Nadat ek my drie sleutel-ondernemings saam met mikpunte en tydraamwerke bekend gemaak het, sal ek koorsagtig werk om hierdie doelstellings te bereik. As ek nie die matriekresultate binne drie jaar met 30% verbeter nie, sal ek dadelik bedank. Ek kan nie die luukse van 'n hoë pos geniet terwyl 50% van ons jong mense konsekwent 'n openbare eksamen druip nie.

● *Prof. Jansen is vise-rektor van die Universiteit van Durban-Westville.*

**TREFWOORDE**

1 ................
2 ................
3 ................
4 ................
5 ................
6 ................
7 ................
8 ................
9 ................
10 ................